Johannes 15:7

As julle in My bly en my woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê, en julle sal dit kry.

Hoe inniger jou verhouding met God is, hoe beter sal jy sy wil vir jou lewe verstaan. Indien jy baie na aan Jesus lewe en die woorde van sy Woord in jou is, sal God deur sy Heilige Gees bekendmaak wat sy wil is. Dan sal jy nie dinge van Hom vra wat teen sy wil indruis nie.

Here Jesus, ek bid dat u woorde in my sal bly, sodat ek in lyn met u wil vir my lewe sal bid met die helder wete dat U my gebedsversoeke sal toestaan. Amen.

Romeine 12:12; 1 Tessalonisense 5:17

Volhard in gebed. Bid gedurig.

Dit is God se wil dat jy gedurig bid. Dat jy in gebed volhard. Dat jy op 'n deurlopende manier deur die loop van jou dag aan Hom verbind sal wees deur 'n ketting van gebed. Dat jy sal áánhou bid, selfs in dié tye wanneer dit vir jou voel asof God nie na jou gebede luister of beantwoord nie.

Here, ek loof U dat wanneer ek bid, ek weet dat U reeds ongeduldig wag om my genadig te wees. Help my om in die gebed te volhard. Amen.